

**Saterdag 24 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-50**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:28 (AFR83)**

**Die nuwe heerlijkheid wat op ons wag!**

Paulus vergelyk die geloof in die opstanding uit die dood met die geloof wat 'n boer het wanneer hy saad in die grond plant. Daar is geen logika daarin om 'n dooie en uitgedroogde saadkorreltjie in die grond te plant nie, en tog doen die boer dit met die verwagting van 'n oes.

Die boer weet dat wanneer hy daardie koringkorreltjie in die grond plant, dan sal die dop van die saad ontbind. Dit kan nie meer in die saadvorm voortbestaan nie, maar hierdie hele proses lei daartoe dat die saad beter word. Die saad gaan dood, maar dan kom daar 'n nuwe lewe vanuit die kern van daardie saad.

Paulus sê dat die dood dieselfde met ons doen wanneer ons glo dat daar met die sonde in ons lewe afgereken is. Dood is dan bloot net 'n donker portaal waardeur ons moet gaan om by die glorieryke eetsaal van die Here te kom (vgl. Ps. 23:5).

George Herbert stel dit baie mooi in een van sy gedigte. Hy sê: *“Death used to be an executioner, but the gospel has made him just a gardener.”* Wat hy daarmee sê, is dat dood voorheen tot vernietiging gelei het, maar nadat Christus uit die dood opgestaan het, is hy bloot 'n tuinier. Dood laat hierdie mooi blom vanuit die saad tevoorskyn bring. Hoor hoe mooi beskryf Paulus dit in Romeine: *“Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon”* (Rom. 8:11).

Indien jy in Christus glo, beteken dit dat die Gees in jou werk, en Hy is die waarborg daarvan dat jy ook eendag uit die dood sal opstaan. Die Gees is nie net vir ons gegee om ons gees te vernuwe nie, Hy word ook vir ons gegee om ons liggaam uit die dood op te wek. Leef in hierdie opstandingskrag van Christus!

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Dr. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)*